
ONWRIKBAAR
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS



DANIËL 11 en 12
DIE VOLTOOIDING VAN DIE TYE
DIE VOLTOOIDING VAN DIE TYE
OORLOGTUSSEN NOORD EN SUID
Koning van die Noorde
Koning van die Suide
Beloofde Land
DIE VERACHTELIKE PERSOON
DIE TEMPEL ONTTHEILIG
רוגה
falling
4
evenigns
DIE VOLTOOOO-DIDING VAN DIE TYES
2300
evenings/ mornings
רו
days
הלדו
days
מירו
1290
eveings days
1335
days
1290
everrings/
1335
days
MICHAEL STAAN OP
DANIËL 12
Time of the End.
VERSEËL DIE BOEK TOT DIE EINDTYD
DIE VERSTANDIGES SAL SKYN SOOS DIE GLANS VAN DIE HEMELGEWELF
Tigris/ Hiddekel
DIE VERSTANDIGES SAL SKYN SOOS DIE GLANS VAN DIE HEMELGEWELF
OPSTANDING VAN DIE DOOIE
Daniel 12:6-7
one time, times, and a half time.

In Daniël 11 en 12 staan God se volk voor 'n storm. **Die teks beskryf 'n tyd van swaar verdrukking, politieke spanning en ontwrigting.** Maar God laat sy kinders nie in die donker sonder hoop nie. Hy gee vir ons die geestelike skets van die geskiedenis:

**Elke beproewing het 'n vasgestelde tyd,**

**elkeen wie se naam in die boek opgeskryf is sal gered word,**

**en die graf het nie die finale woord nie.**

Vandag kyk ons nie vas in die druk van ons omstandighede nie. Ons kyk na die 3 praktiese ankers van ons geloof.

# Anker 1: Ken vir God en staan vas teen afvalligheid (Daniël 11:31–35)



**Daniël 11:31-35**

“31Van die koning se troepe sal die heiligdom en die vesting
ontheilig. Hulle sal die daaglikse offer afskaf en 'n ding oprig
wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig. 32Die
koning sal dié wat aan die verbond ontrou is, deur vleiery verlei
tot afvalligheid, maar die mense wat hulle God ken, sal
vasstaan. 33Verstandige leiers van die volk sal leiding gee aan
baie mense, maar 'n tyd lank sal hulle doodgemaak, verbrand,
gevange geneem en geplunder word. 34Wanneer dit hulle tref,
sal hulle 'n bietjie hulp ontvang, en baie sal vir die skyn by hulle
aansluit. 35Dan sal die vervolging party van die verstandige
leiers tref sodat die volk gelouter, gesuiwer en gereinig kan
word tot die eindtyd toe, want die einde is klaar bepaal."

Die vyand werk selde net met geweld. Hy gebruik heel dikwels **vleiery en subtiele druk** om gelowiges te verlei tot afvalligheid.

Maar die teks trek 'n duidelike lyn: **dié wat aan die verbond ontrou is swig voor die vleiery, "maar die mense wat hulle God ken, sal vasstaan"**.

Om God te ken is nie bloot **verstandelike kennis** nie, **dit is 'n intieme verhouding van vertroue** wat jou die krag gee om nee te sê vir die wêreld se eise.

# Verdiep jou verhouding met God elke dag

Jy kan nie vasstaan te midde van wêreldse druk as jy God net op 'n Sondag ken nie. Begin jou dag Maandag met 15 minute in die Woord en gebed. Vra: ***"Here, hoe wil U hê moet ek vandag optree?"***

# Weier die "vleiery van kompromie/afvalligheid"




Wanneer kollegas jou druk om 'n klein leuen op 'n finansiële verslag te vertel, om saam te skinder by die koffiemasjien, of om oneerlik te wees in besigheid, staan vas. Sê vir jouself: ***"Ek ken vir God, en ek kompromitteer nie my integriteit nie."***

# Wees 'n verstandige leier vir jou gesin en omgewing

Die teks sê verstandige leiers gee leiding aan baie. Neem die leiding in jou huis deur saam met jou kinders te bid, of wees die stem van wysheid en kalmte wanneer kollegas paniekerig raak oor die ekonomie of die land se toekoms.

# Anker 2: Vertrou God se loutering en Sy afgemete tyd (Daniël 12:10–12)



## Daniël 12:10–12

10Baie mense sal gesuiwer, gereinig en gelouter word, maar
die goddeloses sal goddeloos bly. Nie een van die
goddeloses sal verstaan nie, maar die verstandige leiers sal
verstaan. 11Van die tyd dat die daaglikse offer afgeskaf is en
die ding opgerig is wat 'n gruwel is vir God en wat
verwoesting aanrig, sal daar twaalf honderd en negentig dae
verloop. 12Dit sal goed gaan met wie geduldig bly tot dertien
honderd vyf en dertig dae verby is.

ONWRIKBAAR

Waarom laat God toe dat swaar tye ons tref? Die teks antwoord: om ons te **suiwer, te reinig en te louter**. Net soos 'n goudsmid goud oor die vuur hou totdat hy sy eie gesig daarin sien weerspieël, gebruik God beproewings om ons geloof suiwer te maak.

En kyk na die getalle: **1290 dae en 1335 dae**. Dit is nie 'n geheime wiskundige raaisel nie, maar 'n pastorale versekering: **die storm het 'n afgemete grens**. God hou die horlosie vas. Beproewing is nie eindeloos nie. Dit het 'n God-gegewe vervaldatum. Daarom sê vers 12: **"Dit sal goed gaan met wie geduldig bly".**

# Verander jou perspektief op teëspoed

Wanneer jy hierdie week teëspoed ervaar - sou dit 'n moeilike verhouding, finansiële druk, of siekte - moenie vra *"Waarom straf God my?"* nie. Vra eerder: ***"Here, wat wil U in my lewe louter en skoonbrand deur hierdie omstandigheid?"***

# Moenie opgee voor dit verby is nie

**Geloofsvolharding vra geduld.** Wanneer jy lus voel om hande in die lug te gooi oor jou huwelik of jou werk, onthou dat God se horlosie tik. **Hou aan!** Moenie die handdoek ingooi voor God se uitkoms aanbreek nie.

# Oefen daaglikse geduld

As jy in 'n ry wag, in die verkeer sit, of met 'n moeilike persoon werk, gebruik daardie oomblik as 'n geestelike oefening in geduld. Sê vir die Here: ***"Ek vertrou U tyd."***



# Anker 3: Leef met die hoop van die opstanding en jou naam in die Lewensboek (Daniël 12:1–3, 13)

**Daniël 12:1–3, 13**

1“In daardie tyd sal Migael, die groot engel wat oor die lede
van jou volk waghou, op die toneel verskyn. Dit sal 'n swaar tyd
wees, so swaar soos dit nog nooit was vandat daar nasies is
nie. In daardie tyd sal almal uit jou volk wat in die boek
opgeskryf is, gered word. 2Baie van dié wat ontslaap het, sal
uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige
skande en veragting. 3Die verstandige leiers sal skitter met die
glans van die hemel self, en dié wat baie mense op die regte
pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre. … 13Maar
hou jy aan tot die einde toe. Jy sal te ruste gelê word maar
weer opstaan en jou bestemde deel ontvang in die eindtyd.”

Hier kry ons die mees eksplisiete belofte van die opstanding in die Ou Testament. Die graf is nie die einde nie. Dié wat in die Here ontslaap, sal opstaan tot die ewige lewe. Verder staan die belofte dat ons name in God se boek opgeskryf is. Daniël kry die persoonlike opdrag: **"Hou aan tot die einde toe... jy sal weer opstaan en jou bestemde deel ontvang"**.

Jesus Christus het hierdie belofte aan die kruis en by die oop graf bekragtig! Omdat Jesus uit die dood opgestaan het, is ons ewige bestemming vas en seker.



# Leef sonder vrees vir die toekoms

Moenie toelaat dat die nuus of die wêreld se paniek jou vrees aanjaag nie. Jou naam is in die boek van die lewe opgeskryf deur die bloed van Jesus. Wanneer vrees jou aanrand, herinner jouself: **"My ewige deel is by Jesus veilig!"**

# Skitter soos 'n ster in 'n donker wêreld

Die teks sê dié wat ander op die regte pad lei, sal skitter soos sterre. **Wees hierdie week 'n ligstraal.** Deel die evangelie met iemand wat moedeloos is, nooi 'n soekende vriend na die kerk, of wees die persoon wat hoop bring in 'n donker situasie.

# Wees ONWRIKBAAR tot die einde toe




**As jy moeg is vir die geloofsstryd, vat vandag net die volgende stap. Jy hoef nie die hele toekoms uit te figure nie; hou net vandag aan om getrou te wees in die klein dinge.**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS